HYSBAK

Deur

Magdaleen Van Zyl

Kontakbesonderhede vir opvoerregte:
Magdaleen van Zyl (e-pos: mail98142@telkomsa.net)

Vyf totaal en al verskillende vroue, word in 'n hysbak vasgekeer, met dramatiese gevolge.

KARAKTERS:

1. Mevrou-doktor-De Villiers

Sy dra graag klere van Errol Arendz, en is op voornaamterme met die land se voorste vermaaklikheidsterre

Sy kom altyd in beheer voor, maar neem in die geheim anti-depressante en drink soms skelm.

Haar vriende noem haar Samantha, maar sy't in Hilbrow grootgeword as Hilda, tot 'n modelagentskap haar skoonheid ontdek het. Die res is geskiedenis. Sy's baie bewus van haar man se titel en grade (en haar tekort daaraan) As jy nie gereeld op tv of op glansblaaie verskyn nie, is jy defnitief benede Mevrou.

2. Patience werk as skoonmaker op die elfde vloer. Sy't op Pofadder grootgeword en gematrikuleer. Meneer Brand by die magistraat-kantoor het haar laat leer vir kleuterskool-onderwysers. Sy's 'n sterk vrou, wat die lewe vierkantig in die oë kyk - elke struikelblok word geface. Poste het skaars geraak,en Patience se ma't haar geleer dat geen werk te nederig is nie. Haar man is al op pensioen, en hulle't elke geldjie nodig. Patience het die bynaam te dankie aan haar geduldige persoonlikheid. Haar naam, Doreen, word selde meer gebruik. Haar seun is 'n bekende gesig op tv, en is tans weer in 'n nuwe sepie te sien.
3. Mandy is een van die gewildste "dames" by Exclusively Yours. Sy is ook duur en eksklusief geklee, maar haar roksoom en halslyn is in gesprek met mekaar. Sy is baie bewus van haar aantrekkingskrag vir mans (en for-all-that-matters, eintlik maar vir vroue ook) As die geld reg is laat val Mandy haar klere en haar inhibisies, en ook die hele glanslaag.
4. Jenny is 'n student in mode-ontwerp. Sy's self egter nie juis 'n voorbeeld van goedontwerpte kleredrag nie. Sy lyk soos iets tussen Madonna, Dare-devil en iemand op Langstraat-se-hoek. Sy's Lesbies , rook dagga en is verslaaf aan extacy.Sy's baie opstandig, te danke aan haar ouers (doktor en mev De Villiers se eienaardige verhouding) Hulle het haar omtrent 'n jaar laas gesien, so Mevrou herken haar natuurlik nie in die hysbak nie, want haar langhaar blonde kind lyk nou soos 'n punkrocker cum goth-engel.
5. Naomi kom van Velddrif en werk as tikster in 'n groot kantoor saam met 44 ander meisies. Haar niggie van Johannesburg, het vir haar die werk gekry. Sy hou nie baie van mans nie, en glo jy moet jou liggaam rein hou tot die huweliksnag. So rein , dat ander mense nie veel van dit te siene moet kry nie. Sy's lief vir bruin en beige.
6. DOKTOR DE VILLIERS: Hy's 'n direkteur in een van Sandton se hoe geboue, sakeman, makelaar - werk hard, maak baie geld, maar glo ook sy geld kan enige iets koop. Hy't sy plesiertjies waarvan sy gesin (sy trofee-vrou en sy dogter wat hy maande laas gesien het) nie een is nie.

TONEEL 1:

Patience (met skoonmaaktoerusting belaai) is alleen in die hysbak toe dit stop. Sy sing 'n ou hallelujah. Naomie klim in.

P: More kind. Maar jy lyk mos weer netjies vandag.

N: Hallo Doreen. Dankie, dis sommer iets wat ek self gemaak het. Mens moet mos maar jou sente omdraai. (trek trek aan hals en roksoom)

P : Ai, dis ook nog net jy en my man en my suster van die kaap wat vir my op my doopnaam noem. Nee, kind, jy lyk netjies, maar jy hoef nie bang te wees vir 'n ou bietjie kleur nie, gehoor. So 'n ou helder rooi of oranje serpie,of 'n ou titseltjie groen sal dan tog te mooi lyk. En jy kan mos maar die halsie bietjie rond geknip het - jy's dan nou so knap met die naald.

N: Ag Doreen, ek is so gewoond aan beige en ek dink die beige en bruin pas by my bruin hare en so aan, en ek wil tog nie aandag op my vestig nie. Dis moeilik genoeg in die kantoor met al daardie voor -op die- wa meisies wat die vreeslikste goed praat, en ek weet nie hoe mnr Duvenage of enige ander man dit maak nie, want ek weet dan nie eens waar om te kyk. Party se bloesies wys meer as wat 'n swembroek wys, en party s'n is nog deurskynend ook. Ek weet nie. Ek pas eintlik net nie in nie. Partykeer dink ek ek moes liewer op Velddrif in die bank gaan werk het.
P: Nonsense. Jy's 'n aantreklike kind - jy't niks om weg te steek nie, maar dit sal nou nie kwaad doen om so 'n ou titseltjie lipglos op te sit nie.
N. Ek wil nie soos 'n ….'n…..jy weet wat, lyk nie.
P: (lag) 'n Tert bedoel jy (lag). Nee wat, hartjie, dis nie moontlik nie. Maar hoe lyk jy dan so kop-onder-stebo vandag, kind. So asof Johannesburg se honde jou kos geeet het.
N: (lag effens) Nee wat, eks eintlik reg. Verlang sommer net die see en vars lug.(wag 'n oomblik) Doreen, raak dit beter hoe langer 'n mens hier bly?
P: (trek Naomie nader en druk haar vas) aaaag, kom hier , kind……. Watter vloer?
N: Dankie. Jy maak my sommer tranerig (tissue voor oe). Wat ek ook sonder jou hier sou maak……..Boonste een, dankie , Doreen. Ek moet dokumente by doktor De Villiers se kantoor gaan afgee.
P: Oooooo grand, ne (laggie) Na-oompie, kom maak maar in jou lunch 'n draaitjie daar by my hokkie - ek't gisteraand vir Anthony lekker vetkoet-en-mince gemaak en ek het daarvan saamgebring. Niks soos 'n beker tee en trooskos om die hart bietjie te lap nie.
N: (lag effens, maar tissue voor die oe): God het jou vooruit gestuur, Doreen. Eintlik het jy my kom red. Na 'n week hier, wou ek nie meer lewe nie -(huiwerig) Ek het dit nog nooit vir iemand gese nie. Dit was so sleg vir my hier, en ek wou nie soos 'n mislukking terugsluip Veldddrif toe nie. (snuif-snuif) Maar jy voel soos my ma.
HYSBAK STOP
P: Ai jinne, het ek dan nie topstory gedruk nie - het ons dan nou wragtag grond toe gery? Jy laat my nou ook tjank, kind. Kyk nou wat kom van trane : ons ry op en af
(die twee lag)

DEURE OOP EN TWEE VROUE KLIM IN. NIEMAND WIL RERIG NABY MEKAAR STAAN NIE. DAN KOM NOG EEN (JENNY) KOPONDERSTEBO EN UITASEM AAN. SKUIF VINNIG TOT IN HOEK MET GESIG WEG VAN ANDER> PATIENCE BEKYK DIE DRIE EN SKUD NET HAAR KOP. NAOMI SKUIF EFFENS WEG VAN JENNY AF, EN IS DAN WEER TE NABY AAN MANDY EN SKUIF TOT BY PATIENCE>. PATIENCE DRUK DIE KNOPPIE EN DEURE SKUIF TOE>.
SAMANTHA: (met gesag) Boonste vloer, dankie
PATIENCE: (gemaak onderdanig) Seker, mevrou
MANDY: Boonste vloer vir my ook - (lag effens) maar onwaarskynlik dat ons dieselfde eindbestemming het.
PATIENCE ROL HAAR Oe. ELKEEN KYK IN 'N ANDER RIGTING. STILTE
DAN KOM HYSBAK SKIELIK MET 'N RUK TOT STILSTAND. ALMAL GRYP NA 'N KANT OF 'N ARM. NAOMIE GRYP BV. NA JENNY WAT NAASTE AAN HAAR STAAN, MAAR LOS HAAR DADELIK UITERS VIES.
PATIENCE: Wel, vandag van alle dae. Dit het nou lanklaas gebeur.
SAMANTHA: (effens skril, maar steeds met outoriteit) Wat is nou aan die gang? Druk dadelik die alarm of iets. Ons kan nie hier stop nie
PATIENCE : (druk knoppie) - (vaagweg kan 'n alarm gehoor word) Wel, dame, ons HET nou hier gestop.
SAMANTHA: Wel, kry dit aan die gang. Lyk of jy hier werk. (kyk P op en af)
PATIENCE: Maar nie as hysbakoperateur nie (sy en Naomie glimlag onderlangs)
SAMANTHA: Well, I never…….
MANDY: Well, Well……Dit kan nou heel interessant raak. Hoe lank staan die ding gewoonlik stil? Tyd is geld, and the clock is ticking.So as dit lank genoeg staan hoef ek dalk die res van die maand nie te werk nie. (LAG)
ALMAL KYK HALF ONBEGRYPLIK NA HAAR.
JENNY GAAN SIT LANGBEEN IN DIE HOEK (op rugsak om haar hoogte te gee) EN STEEK 'n DAGGAZOL OP.
PATIENCE: Kyk juffoutjie, ek wil nou nie onbeskaafd klink nie,, maar is jy nou heel bedonnerd in jou kop op wat? (Gryp die zol en trap dit

sommer dood in die hysbak) Kyk nou hoe lat praat jy 'n christenmens in tale.
Julle satansaanbidders doen ook wragtag volksvreemde goeters wat niemand ook aan sal dink nie. Kan jy nou wragtag in 'n klein boksie van 'n spasie 'n vlam maak. Jy's mos saf innie kop mens.
MANDY: En op die oog (lag) as jy so deur die mascara-lae kan sien (kyk Jenny astrant aan)
NAOMIE VIR PATIENCE: Sy's nie baie slim nie - sy dink jy't gese sag op die oog.. (hulle lag)
PATIENCE: Dink sy's dalk ook bietjie saf-innie-kop (lag, en wys met kop in Mandy se rigting)
JENNY: (praat deur haar tande) Jy hou jou katoolse pote van my af, verstaan jy vir my. As hulle te toe is om te sien wat jy is - ek is nie.
MANDY: Oooooo speel jy hard-to-get, liefling. Jy lyk nogal na my tipe……(lag)
NAOMIE EN SAMANTHA SKUIF ALBEI TOT TEENAAN PATIENCE ASOF SY HULLE MOET BESKERM. HULLE LYK ALBEI BIETJIE GESKOK.
SAMANTHA DRUK DIE KNOPPIES BIETJIE PANIEKERIG: Kom, beweeg! Dis nie asof dit 'n ou gebou is of iets nie. My man, dis nou doktor de Villiers, sal sommer gou 'n paar koppe laat gaan, as ek hom moet se hoe ek verneder is in sy gebou.
PATIENCE: Sy gebou? Van wanneer af? Is hy nie maar ook net een van die direkteure nie?
SAMANTHA: Nie asof ek my man met die skoonmaker gaan bespreek nie……maar….. Hy is een van die HOOF direkteure, en hy is DOKTOR de Villiers.
MANDY: (gooi kop agteroor en lag en lag)
JENNY: Snuif jy iets? As jy het, gee aan . Ek't net gou iets hier kom doen - nie gedink ek sal moet oorbly nie. So jy kan maar share, girl.
MANDY: (hou aan lag) Poplap, nee…….dis veel beter as dit. (kyk dan na Samantha)
Jy se jy's die geagte doktor De Villliers se….uhmm ….vroutjie-lief. Hmmm….ons het toe wel iets in gemeen.
SAMANTHA: (lyk geskok) Kan nie dink dat ons ENIGE belangstelling kan deel nie. Soos ek gese het, is ek mevrou De Villiers….DIE mevrou De Villiers wat ……..
MANDY SE SELFOON LUI

SY GRAWE IN HAAR HANDSAK VIR DIT
NAOMIE: (fluister vir Patience) Sy't 'n foon. Ons kan iemand bel om te se waar ons is. Iemand kan ons kom help.
SAMANTHA: (stem raak skriller) Ek mag nie my foon na Doktor se kamers toe bring nie - dit steur sy denkpatrone. En ek het ook nie my medikasie by my nie. Sy moet vinnig praat dat ons kan hulp soek.
MANDY: Hi baby-love……. Patience , love. Patience……..
NAOMIE: (fluister) Sy praat van jou
PATIENCE: Nee, skat…..sy praat met haar lover en se net hy moet bietjie geduldig wag.
NAOMIE: ….o….
MANDY: Nee, Loverboy. Ek sal nooit een van ons weeklikse afsprake vergeet nie - jy's dan bo-aan my lys, engel.(pruilend) Maar jou gebou se skatlike klein hysbakkie wil nie werk nie - al wil ek. (giggel) Maar ek het baie interessante company - nou nie naastenby so interessant soos jy nie, skat, maar baie-baie. En ek het so….uhmm…… 'n klein vermoede dit gaan nog interessanter raak……. Oh , baby. Nou maak jy jou klein Mandy-lief se hartjie seer. Jy weet mos eks joune. Maar the clock is ticking, love, en ek weet nie hoe lank hierdie hysbak gaan staan nie. As jy haastig raak moet jy maar jou klein hasie kom soek. Chauw chauw….bly geduldig.. (soen-soen in die foon)
PATIENCE. Juffrou, dit sal gaaf wees as ek net gou 'n nommer kan bel, dat iemand ons hier kan uitkry.
(NAOMIE knip instemmend)
SAMANTHA: (oorgretig) Ekskuus tog, maar ek dink dit is belangiker dat ek eerste moet bel - my man sal ons beslis gou hier uitkry.
MANDY: (lag) Interessant-interessant…….Ek's nou goed genoeg dat u (beklemtoon u) met my kan praat
SAMANTHA: Verskoon my, maar ek praat met die bediende
PATIENCE(laggende) Voel dan nou of ek dieselfde sin as die vrou hier kan se…….en dit is eers nie my phone nie (sy en Naomie lag)
SAMANTHA (gryp die foon) Gee hier……ek bel gou my man - ek se julle hy sal ons uitkry - ek moet dringend ….uhmmm…..dringend…iets …uhmmm (bewende hande)
JENNY: Seker weer drink

SAMANTHA BEGIN NET BEL. LYK ASOF SY JENNY NIE HOOR NIE. MANDY KYK MET MEER BELANGSTELLING NA JENNY EN BEWEEG NADER

TONEEL 2 ('verdeel' verhoog en verlig gedeelte wat "speel")
KANTOOR VAN DOKTOR DE VILLLIERS. LESSENAAR, STOEL, KROEGGEDEELTE MET DRANK EN GLASE, REKENAAR ENS HY LOOP OP EN AF MET FOON
DOKTOR: Die klein feeks. Dis tyd dat ek aanbeweeg. Ek het nie tyd vir speletjies nie. Vandag is haar swanesang. Ek't genoeg op my kerfstof – moet reeds tuis emosionele afpersing en kinderagtige beuselagtighede verduur. Nee. Ek betaal 'n fortuin aan die agentskap om vir my proffessionele geselskap te stuur.
(BEL)
DOKTOR: Good morning. My ref nr is 4769. Yes……, that's correct. I just want to end my contract with one of your lovely ladies, Mandy – nr 32. No….., no , I'm always very pleased with your services. I just need somebody new……. Thank you.
Yes….yes…..thank you. I'll pay you in advance as always. Wednesday's and Friday's. Thank you. Goodday.
BEL WEER.
KOLLIG OP SAMANTHA:
SAMANTHA: Dit bly net beset. (paniekerig) Ek kan net die nommer onthou, en dit is beset.
DAN LUI FOON EN MANDY GRYP DIT
DOKTOR: Mandy?
MANDY: Liefling!! Hoekom bel jy? (pruilend) Jy bietjie ongeduldig? Hmmm? Ek's nou daar , baby. Net 'n onverwagte oponthoud, wat ek nie kon voorsien nie, maar ek belowe jou….
DOKTOR: Mandy, jy kan jou fooi by my sekretaresse kry. Ek sal nie langer van jou dienste kan gebruik maak nie.
ANDER IN HYSBAK VOLG DIE GESPREK, BEHALWE JENNY.
SAMANTHA PROBEER DIE FOON KRY.
SAMANTHA: (paniekerig) Ek moet dringend bel….
MANDY: (flikflooierig) Liefling, ek's altyd tot jou beskikking – hierdie is mos nie my skuld nie. Die hysbak…

DOKTOR: Ek't nie tyd hiervoor nie. Ek's 'n sakeman. Ek lewer proffesionele diens en betaal ook vir proffessionele diens. Soos ek gese het, jou fooi, plus 'n bonus sal by Marianne wees.
MANDY: (nou bitsig) Nie so haastig nie , meneertjie…
DOKTOR: Dit sal dan al wees. Jy weet hoe ek voel oor emosionele uitbarstings - ek moet tuis genoeg daarvan verduur. Dankie vir 'n goeie tyd - jy weet jy was elke rand werd. Maar nou is dit tyd om aan te beweeg.
MANDY: (bitsig) As ek jy is, meneertjie , luister ek nou baie baie mooi….
FOON DOOD
MANDY: Die bliksem! Hy't die foon in my oor neergesit.
NAOMIE SNAK NA HAAR ASEM OOR DIE KRAS WOORD
MANDY: Ek sal hom wys!
PATIENCE: Ai, ek wil nou nie wise and mighty klink nie, maar ek dink nie dis die moeite werd nie .(gaan sit op rand van skoonmaakmasjien of emmer…..wat sy ook al by haar het)
MANDY: Jy weet nie waarvan jy praat nie jou eenvoudige, bemoeisieke ou…..
PATIENCE:*(kalm) Juffrou, omdat jy nou gedrop is deur who – knows-who, hoef jy dit nie op ons uit te haal nie.
SAMANTHA: (ietwat histeries) Het iemand 'n sigaret of iets? Kopseerpille ? Enige pille? (vat –vat so aan Naomie se arm en Patience en selfs Mandy) - (bewende hande) Ek moet dringend …….wag, waar's jou foon!
MANDY: Pap! Soos die donnir se gesig gaan wees as ek met hom klaar is.
SAMANTHA: (redelik histeries……hamer op die knoppies van die hysbak) Ek moet nou hier uitkom. (probeer weer die foon kry) Is dit ooit rerig pap, of se jy net so?? Neee! Dis pap! (gooi foon) Ek kan nie….. ek moet…… (hande bewe) Ek vra baie mooi: het iemand 'n sigaret of kopseerpille of iets…… asseblief!
NAOMIE is redelik verskrik: Doreen, doen iets - die vrou maak my bang.
PATIENCE: Mevrou, ons is almal nou ongelukkig in dieselfde bootjie. Niemand het voorsien dat die hysbak juis vandag sou stop nie, maar ek glo mos nou ook als gebeur soos dit moet, deur 'n Hoer Hand bepaal.Kom ons probeer rustig bly en die beste maak ….

SAMANTHA: (gryp na Patience) Help my dan, asseblief (bewende hande) Die beste!.....Die beste! …… jy praat van die beste maak…..ek het probeer…..Ek's nooit goed genoeg nie!.....(LAG EN LAG EN BEGIN DAN REDELIK HISTERIES HUIL MET ONSAMEHANGENDE WOORDE TUSSEN-IN) Nooit goed genoeg nie…….maak nie saak wat ek doen nie……my kind……my enigste……al wat goed is in my lewe……al wat ek ooit goed gedoen het….. maar sy's weg….weg….weg…..weg…..ek moes haar beskerm……niks gedoen nie….geweet….ek't geweet
GRYP PATIENCE VAS
SAMANTHA: (SKREE) hoor jy my!! Ek't geweet wat hy doen en het haar nie beskerm nie! Hoor jy my!!!
PATIENCE PROBEER VERTROOS
PATIENCE: sjjjj….sjjjjj
NAOMIE (fluister) Sjame ….wat gaan aan….
JENNY: Ma! Stoppit! (skree vir SAMANTHA)
ALMAL KYK VERSKRIK NA JENNY
SAMANTHA NOU HEELTEMAL BUITE HAARSELF
SAMANTHA: Wat se jy, jou satan-meisie….jou…..los my!
JENNY SKUD SAMANTHA
JENNY: Stoppit ma! Ek se shaddup en ruk jouself reg! Dis ek……die verlore bleddie kind! Hoe donnirs pateties dat 'n ma haar eie kind nie ken nie. (Sy ruk die pruik af en haar blonde hare tuimel uit) Dis ek, Jennifer. Hoe totally fucked-up is dit! Die cherrie-op-die-koek van my hele moerse fucked-up lewe! Ja…die een fokkin stukkie van my rich-kid-lewe wat ek gehou het: my hare…….hoe pateties.
NAOMIE: (fluister geskok) Doreen……
MANDY GAAN SIT OOK NOU : Fok! Fok! Fok! (PrAAT HALF MET HAARSELF) Jy's die lesbiese kind wat hy soms van praat…..jy's die een wat hy soek….
KYK VIR JENNY: Jy's die een…..wat eintlik weg is….
JENNY: Wat wie van praat ! Wie praat van my!
SAMANTHA: (HUIL NOG) Jennifer……hoe kan dit jy wees…..jy's weg…..jy's weg…..
JENNY: Ma! Kyk vir my! Dis ek! Meer fucked-up as ooit, maar dis ek. Maar dit gaan vandag einde kry. Weet julle……..nee….hoe sal julle nou ooit weet hoe dit is om so ontsettend fuck-up te wees.

DRUK MET HAAR 'N VINGER OP DOREEN EN NAOMIE SE BORS AS SY MET HULLE PRAAT
JENNY: Maar jy, en jy…..en al die mense wat hier werk, dink mos hy's so wonderlik. Laat ek julle vertel hoe wonderlik hy rerig is!
SAMANTHA: Jennifer! (probeer haar vashou) BEGIN WEER HARD HUIL – eks jammer, ek's jammer…..
MANDY: Jy praat van doktor De Villiers, ne…..jy is sy…
JENNY: Sy speelding , ja….die moordenaar!
MANDY: Hoekom se jy…
JENNY: Moordenaar ja~! (skree) Dit het my jare geneem om moed bymekaar te skraap, maar die dag het gekom dat hy moet boet!
(GRAWE IN HAAR RUGSAK EN PLUK 'N PISTOOL/REWOLWER UIT)
ALMAL IS VERSKRIK
MANDY en NAOMIE GIL. SAMANTHA HUIL NET
PATIENCE: Mag die Here ons help vandag….
TONEEL VERSKUIF VLUGTIG NA DOKTOR DE VILLIERS SE KANTOOR WAAR HY SY BAADJIE AANTREK EN DAN OP DIE FOON PRAAT
DOKTOR DE V: Marianne, ek gaan vir 'n rukkie uitwees…..ja, ek's terug vir my twee-uur afspraak. Tot dan…..
STAP UIT KANTOOR. DAN VOOR HYSBAK
DOKTOR DE VIL: (druk knoppies) Lyk dan of die ding staan…..rerig nie lus vir trappe nie (druk-druk weer knoppies) Kom! Dis nie 'n derderangse gebou waar hysbakke stop nie!
HYSBAK KOM SKIELIK IN BEWEGING
DOKTOR DE VIL: aaaa! Always the magic touch! (glimlag)
TERUG BINNE –IN HYSBAK
PATIENCE : Meisietjie….sit weg die gevaarlike ding…..dis nie iets waarmee 'n mens moet speel n….
JENNY: Neeee! Dis payday!
MANDY: Die hysbak beweeg!!
PATIENCE: (vertroos steeds vir Samantha) Toe nou maar….kyk, wat doen bid….hier's ons nou aan die beweeg. (Vir Jenny) Kom, gee dit vir my…..ek se altyd, niks is so erg dat 'n ….
JENNY! Neee! Weet jy wat hy gedoen het!! Sy eie kind!(swaai wapen rond)

NAOMIE : Doreen! Doen iets! Ons is by die boonste vloer! (wys na vloeraanwysings in hysbak)
HYSBAKDEURE GAAN OOP MET DOKTOR DE VILLIERS WAT VOOR HYSBAK STAAN. PAAR SEKONDES VAN ABSOLUTE GESKOKTE STILTE
JENNY: Aaaaa! You see! It's mend to be! Hy kom na MY toe! Dis hoe dit moet wees!
DOKTOR DE VIL: Wat! (Kyk van een na ander) Samantha! Wat maak jy hier? Jy kom nooit na my kan….Mandy! Jennifer! Hoe?? ….waar kom jy vandaan…. Hoekom is almal….Hoekom…Jennifer, waar….
PATIENCE: Doktor…..ek dink dit sal miskien 'n goeie idee wees as…
JENNIFER (gillende) Al wat 'n goeie idee sal wees is as die misbaksel kan vrek! (lig die wapen)
DOKTOR DE VIL: Jennifer……Jenny…..ek verstaan nie…..
JENNY: Fokweet hoe mense kan dink jy's slim……..jy's 'n fokkin onnosel nobody! Ja, lyk maar kamma geskok! Eks nie meer die dogtertjie wat jy kan manupileer en vernietig nie. Vertel hulle! (LIG WAPEN) Ek se: vertel hulle!!!
DOKTOR dE VIL: Jenny….(Paaiend) Kom nou, dan…..
JENNY: Jou donnerse lafaard! Ek sal hulle vertel! Ek sal hulle vertel hoe jy jou pragtige klein blonde dogtertjie keer op keer op fokkin keer gemolesteer het en later verkrag het met jou hand oor haar huilende , smekende mond……..(DRAAI NA SAMANTHA)
JENNY: En jy! Jy is niks beter as hy nie!!!! Ek't jou gese……ek't jou vertel en jy't fokkin niks gedoen nie……jy't gese hy's goed vir ons en ons het als en nog meer……al die karre….al die geld….ons moerse huis….jy't geweet jou fokkin feeks …….jy't geweet en jy't niks gedoen nie……hoekom dink jy is ek lesbies……hoekom doen ek drugs…..om nie te onthou nie!!!! …..om nie te onthou nie……jy moet saam met hom vrek! Vandag vrek julle almal!
SAMANTHA SPRING NA JENNY : Nee, asseblief, jy verstaan nie….jenny…..ek's lief vir jou…..moenie…. jy…
DOKTOR PROBEER WAPEN AFNEEM
MANDY: Doen iets!!
NAOMIE: Doreen…sy gaan skiet!!
ALMAL OPGEBONDEL OM TE KEER
'n Skoot gaan af .

Hysbak dadelik donker.
Gille.
(drama eindig so, dat die gehoor nie weet wie geskiet het nie, en ook nie wie geskiet is nie.